

**Skrifgedeelte: Romeine 9:1-5 (AFR83)**

**Fokusgedeelte: Romeine 9:5**

**Jesus is die Christus – ware mens en ware God**

In hierdie vyf verse stort Paulus sy smartvolle hart uit. Hy is hartseer omdat Israel, sy eie volksgenote, Jesus as die beloofde Verlosser verwerp het. Indien Israel onkundig sou wees oor die beloofde Verlosser, waarin God se ewige beloftes om ontferming saamtrek, kon dit hulle verskoon word. Maar Paulus beskryf in verse 4 en 5 die bevoorregte posisie waarin Israel as uitverkore volk van God verkeer het:

*Vers 4:*

- God het Israel as sy kinders aangeneem
- God het sy heerlikheid aan hulle bekendgemaak
- Hy het verbonde met hulle gesluit
- Hy het aan hulle die wet van Moses gegee
- Israel kon God in die tempeldiens aanbid
- God het wonderlike beloftes aan Israel gemaak

*Vers 5:*

- Israel stam van die voorvaders af
- Uit Israel is Christus as mens gebore

Die Israeliete het egter ten spyte van al hierdie voorregte nie in die Here Jesus geglo nie. In vers 5 wys Paulus baie duidelik op die twee nature van Christus: ware God en ware mens. Hy is verhewe bo alles en aan Hom kom die lofprijsing vir altyd toe. (Lees in die Heidelbergse Kategismus Sondag 6 verder oor waarom die Verlosser ware God en ware mens moes wees.)

Vanweë God se uitverkiesende genade is alle gelowiges baie bevoorreg. Deur die werking van die Heilige Gees kan ons glo dat al God se beloftes in Jesus Christus vervul is. Daarvoor loof en prys ons die Here.

*Sing: Psalm 2-1:6*

*Ds. P (Pieter) van Wyk (Bronkhorstspuit)*